**WAAROM AL DIE OPHEF RONDOM JESUS SE GEBOORTE?**

**KERSFEES 2010 IS VERBY**
Hier-en-daar geskenkpapier; vuil skottelgoed; liggies en Kersbome. (Vrygesel in Brittanje verwyder nooit Kersboom en eet afgelope 17 jr nog elke dag 'n kersmaal!)
**Ons ander mag miskien terugdink en vra:**
Was dit alles die **moeitewerd**? Gejaag… uitgawes … moeite … opvoerings.
**Waarom** nou eintlik al die *"hype"?* Vergeet nou maar van die nie-christene, maar waarom maak *Christene* so 'n ophef van Jesus se geboorte (terwyl ons nie eers seker is van die **datum** nie)?

HOEDAT DIE HEBREËR SKRYWER DIT SOU ANTWOORD
<u>Lees HEBR 2:5-18</u>

GOD SE VERWAGTING VAN DIE MENS TELEURGESTEL
Ons weet dat God baie **hoë verwagtinge** van die mens as die **kroon** van sy skepping gehad het. Die mens moes Hom *verteenwoordig* en *heers* oor die skepping - <u>Lees vers 7, 8 abc</u>
**Maar wat sien ons?** <u>Lees vers 8d</u>
Aan die eenkant **verwonder** ons ons oor die mens se prestasies op die gebied van die wetenskap en tegnologie en sport ens. Ons **vra onsself** gereeld af: Waar gaan dit eindig? Wat gaan die mens NOG regkry?
Aan die anderkant **wil jy jou ore en oë toedruk** vir die geweld en bedrog, wreedheid en gemeenheid van mense. Daar is *bose magte en kragte* wat die mens beheer. *Ipv om te heers*, het die mense **slawe geword** van die duiwel, die wêreld en sy eie sondige natuur.
**Gelukkig het God** het dit nie daarby *gelaat nie*. Hy het ook **nie nuwe klei** gevat en oorbegin nie. Hy is **getrou** en laat nie die werk van sy hande vaar nie.
**Dit bring ons by die Kersboodskap**.

WORD MINDER AS ENGELE
Vers 8 sê: **"Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie."** *Kyk ons na die mens*, is ons teleurgesteld. Maar dan gaan hy verder: *"MAAR ons sien Jesus met eer en heerlikheid gekroon. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele..."*
**Hoe en wanneer het dit gebeur?**
Toe Hy **'n mens** geword het. Hy wat God was, het 'n mens van **vlees en bloed** geword. Hy het nie maar 'n *skynliggaam* gehad soos wat sommige beweer nie. Hy was **ware God en ware mens**.
Hy is **ook versoek** soos 'n mens.

WORD VERSOEK
In die **woestyn** is Hy drie maal deur die duiwel versoek (Matt 4:1-11). Daar was ook nog **Petrus se poging** om sy lyding te keer 16:21-23); die Fariseërs en ander se herhaalde aandrang om 'n **teken** (12:36; 16:1); mense wat Hom wou **Koning maak** (politieke verlosser); sy worsteling in **Getsemane** (26:38-46). Hy was egter so getrou aan sy Vader dat Hy **nooit toegegee** het nie.

TREE OP AS HOëPRIESTER

Sy lyding het uiteindelik gelei tot **die dood** (lees :9). Hy **offer Homself** vir ons sonde. Hy is **Priester en offer** tegelyk. So **versoen Hy** ons wat in ons doel as God se verteenwoordigers gefaal het, met God.
Die woord ***"versoen"*** hou verband met die betekenis *"bedek, toemaak"*. Jesus se **bloed** bedek as't ware die sonde wat ons *doen*, gedoen *het* en nog *sal doen* voor die oë van God sodat Hy dit nie raaksien nie – lees vs 17

MAAK ONS SY KINDERS
En **omdat** ons sondes **versoen** of bedek is, kan Hy nou **voor die Vader staan** en verklaar: *"Hier is Ek met die kinders wat God my gegee het."* (:13). Soos wat in :11 staan: Hy is nou **nie skaam** om ons sy broers en susters te noem nie.
**Is dit nie rede om 'n ophef** van Kersfees, van sy menswording te maak nie? Ons wat **slawe** was, is nou kinders van God!
Wat meer is, staan daar in vers 14:

SIT DUIWEL OP SY PLEK
Deurdat Hy *mens geword* het, *gesterf* en weer *opgestaan* het uit die dood, het Hy die een wat mag het oor die dood, dit is die **duiwel, vernietig** (:14). Hy het hom *"op sy plek gesit"*. (Die Boodskap)
So is ons **bevry van die vrees vir die dood.** Die dood se **angel is verwyder**. DIT is nog 'n **blywende gevolg** van Jesus se menswording waaroor ons so 'n ophef van Kersfees maak.

LEI ONS NA DIE HEERLIKHEID
Ons is **oppad na die heerlikheid** wat God vir ons bestem het en Jesus is ons Leidsman daarheen – lees :10!
Om 'n **volgeling**/dissipel van Jesus te wees mag **lyding en vernedering meebring**. As hulle dit met *Hom gedoen* het, kan ons dit ook mos te wagte wees. Ons sal ook nie altyd aan sy *verwagtinge voldoen nie* en soms **weer sondig**. Maar die skrywer gee ons **die versekering**: "*Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy die help wat versoek word."* (:18)

**SLOT:**
Ja, KERSDAG IS VERBY.
As kind het 'n jaar nooit vir my **so lank** gevoel as die dag na my verjaardag en na Kersdag nie! Dis eers OOR 'N JAAR weer Kersfees, 365 dae …!
**Gelukkig duur die vrug** van Jesus se geboorte voort – al 365 dae.

HEBREëRS (oorspronklike lesers) OP LAAGTEPUNT (geloofslewe)
Moeg en moedeloos; met baie teenstand en minagting te make gekry. Wou weet: *"Wat is die sin daarvan om in Jesus te glo?"*
Boodskap van die skrywer was bedoel AS **MOTIVERING.**

Mag dit vir ons ook in 2011 bly inspireer om te weet:

1. LEDE VAN DIE HUISGESIN VAN GOD – broers en susters van Jesus en dus ook kinders van God. Ons staan dus nooit alleen en op ons eie nie. Ons het 'n hemelse Vader en aardse broers en susters. Mag ons ook in die nuwe jaar die gemeente beleef as 'n hegte familie.

2. ONS HET ‘N VERHEWE ROEPING en God stel ons daartoe in staat – naamlik om te heers oor die sonde en die skepping. Dit is ‘n roeping wat dit die moeitewerd maak om te lewe en ons beste te doen.

3. ONS HET ‘N BARMHARTIGE EN GETROUE HOëPRIESTER wat ons verstaan en vir ons intree by die Vader.

4. HY IS OOK ONS LEIDSMAN wat ons – al is dit soms teen die opdraande uit - tot heerlikheid lei!

Ja, dit MAAK SIN om in Jesus Christus te glo.
Ja, ons kan maar ‘n OPHEF MAAK van Sy geboorte!

Amen.

26/12/2010